

Sien die Here my nog raak?

Die gevaar bestaan dat ek en jy 'n probleem met God se grootheid kan hê. Dis immers een van die redes waarom mense afgode vir hulleself uitdink en maak. Juis hierdie gevaar het vir die Jode bestaan toe hulle daar in ballingskap in Assirië 'n krisis oor hulle godsdiens ervaar het: Is God nie dalk te groot dat Hy my nie raaksien nie en my probleme by Hom verbygaan nie (Jes. 40:27). Is Hy nie te groot om regtig om te gee nie? En word Hy nie moeg nie sodat Hy nie meer omgee wat van my en my regte word nie?

Die antwoord is: Nee, die Here is nie te groot om om te gee nie. Hy is TE GROOT OM NIE OM TE GEE NIE. Niks is vir Hom ooit te veel nie. Hy is ook nie soos ons wat teen die einde van die week of jaar moeg en uitgeput raak nie. In vers 31 staan: "Maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag". Om te "vertrou" beteken hier om hoopvol en met verwagting die Here te vertrou vir dit wat Hy in jou lewe wil en gaan doen. En die "nuwe krag" (vers 31) beteken nie dat jou "ou battery" herlaai word en jy bietjie woema kry tot jou battery weer afloop nie. Dit beteken eerder dat jou ou battery uitgehaal word en vervang word met 'n nuwe, oneindigende Kragbron - Jesus Christus wat deur sy Gees nuwe lewe vir jou gee en jou in staat stel om die eise van elke dag te hanteer. Dan kan jy soos met arendsvlerke bo jou probleme UITSTYG en met 'n nuwe huppel in jou stap VORENTOE beweeg - na God se oplossing vir jou lewe!

Die Here sien jou raak en wil jou help. Stel jou verwagtinge en vertrou op Hom en niemand anders nie.